GEMENGDE HUWELIKE

J.A. Heyns

1. Die aanpasbaarheid van twee persone met die oog op 'n suksesvolle huwelik en die verantwoordelike keuse van 'n huweliksmaat, bring as vanself die verskynsel van die sogenaamde gemengde huwelik (matrimonium mixtum) ter sprake.

2. In die algemeen sou ons kon sê is 'n gemengde huwelik daar aanwesig waar 'n man en 'n vrou kom uit en behoort tot twee verskillende groepe wat baie duidelik of selfs minder duidelik teenoor mekaar staan - in elk geval duidelik van mekaar te onderskei is - en op grond waarvan die betrokke enkeling en die kinders wat uit hulle gebore word, sowel as die groepe waaruit hulle voortkom, bepaalde probleme ondervind.[1] Só verstaan is dit duidelik dat daar 'n groot variasie van of tipes gemengde huwelike onderskei kan word. Mense kan immers kom van verskillende sosiaal-maatskaplike agtergronde, van verskillende kulture en tale, en van verskillende godsdienste. Aan al hierdie verskillende soorte gemengde huwelike gaan ons nie aandag gee nie. Drie hooftipes is vir ons egter wel van belang, en met name daar waar verskillende kerke, verskillende godsdienste en verskillende rasse voorkom.

3. Die kerklik-gemengde huwelik wat ons hier in gedagte het, is daardie huwelik waar albei die egliede wel gelowiges is, maar aan twee verskillende kerke behoort. Uiteraard is ook hier verskillende variasies moontlik. Hulle kan byvoorbeeld aan verskillende Protestantse kerke behoort, of die een aan 'n Protestantse en die ander aan die Rooms-Katolieke Kerk, of die een aan 'n erkende, gevestigde kerk en die ander aan 'n sekte.[2]

4. Ons moderne samelewing met sy massakommunikasiemedia en vrye verkeer tussen mense, is besig om die grense tussen kerke onderling (en tussen kerk en nie-kerk) al meer te relativeer. As gevolg

daarvan neem die aantal kerklik-gemengde huwelike toe, en is die kerklike situasie ook as gevolg daarvan vinnig besig om te verander.

5. Omdat dit vir Christene gaan om die één liggaam, en die één Gees, die één Here, en die één God en Vader van almal, wat oor almal is en in almal woon (Ef 4:5, 6) dáárom kan gelowiges uit verskillende kerke inderdaad ook ware geloofsgemeenskap met mekaar hê en gevolglik in 'n suksesvolle huwelik met mekaar verbind wees en bly. Waar die verskille egter groot is, en die een nie na die ander se kerk oorgaan nie, maar lidmaat van sy eie kerk bly, daar kan besondere probleme ondervind word ten opsigte van erediensbywoning, omgang met die Skrif, gebedslewe, deelname aan die sakramente, en die godsdienstige opvoeding van die kinders. Daardeur kan baie onenigheid, spanning en verdriet veroorsaak word, terwyl onaangename verhoudinge met die skoonfamilie kan ontstaan. So 'n konfliksituasie gee dikwels aanleiding tot 'n verflouing in kerklike betrokkenheid en die huwelik land maklik in 'n kerklike niemandsland.

6. Die pastorale taak van die kerk in so 'n kerklik-gemengde huwelik, sal moet uitgaan van die prinsipiële oortuiging dat die sukses van die huwelik van groter belang is as die behoud van die lidmaat. Natuurlik. Die sukses van die huwelik is nie noodwendig gewaarborg in 'n kerklik-homogene huwelik nie. Die werklikheid en die moontlikheid van 'n geslaagde kerklik-gemengde huwelik, waar geloofsgemeenskap in die Here, dwarsdeur en dwarsoor die kerkmure heen beoefen word, is 'n duidelike en beskamende aanklag teen kerklike verdeeldheid. Maar die diep gebroke werklikheid waaraan ook die huwelik deel het, eis eweneens sy tol aan menslike swakheid en onvermoë. Daarom moet die sukses van die huwelik alllereers tog maar gesoek word in 'n homogene huwelik, dit wil sê waar die een na die kerk van die ander oorgaan. Vind dit nie plaas nie, word 'n homogene huwelik na alle waarskynlikheid tog 'n werklikheid, maar dan in 'n totaal ander sin: 'n geleidelike oorgang tot en opgaan van albei in volledige buitekerklikheid.

7. Die godsdiens- of geloofsgemengde huwelik is die huwelik waar die een wel 'n gelowige is, maar die ander nie. Hier kan uiteraard twee moontlikhede onderskei word. Die eerste is dat ten tye van die huweliksluiting die een gelowig is en die ander een nie, en die tweede moontlikheid is dat die een tydens die huwelik gelowig word maar die ander een nie. Wat die eerste moontlikheid betref - daaroor is die Skrifboodskap baie duidelik: Paulus sê: "Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie. Hoe kan daar vennootskap wees tussen reg en onreg? Hoe kan daar gemeenskap wees tussen lig en duisternis?" (2 Kor 6:14 e.v.). Die Christen is vry om te kies wie hy of sy wil, maar die vryheid van die Christen is 'n begrensde vryheid. Hy of sy mag net 'n gelowige kies; iemand, sê Paulus, "in die Here" (1 Kor 7:39). Die huwelik mag alleen in die sfeer waar die Here heerskappy voer, gesluit word, en alleen met iemand wat deur die geloof aan die Here behoort en dus aan sy heerskappy onderworpe is en dit ook in gehoorsaamheid aanvaar. Dit is duidelik: deur 'n huwelik tussen 'n gelowige en 'n ongelowige te verbied, word geloof die hoogste kwalifikasie vir die voltrekking van 'n huwelik.[3)]

8. Die tweede moontlikheid is dat één van die twee partye tydens die huwelik 'n Christen word. So 'n geval bespreek Paulus in 1 Kor 7:12 e.v. Hy wys nadruklik daarop dat so 'n huwelik nie outomaties as ontbind beskou mag word nie. Die kinders uit so 'n huwelik is heilig, dit wil sê is opgeneem in die verbond en het gevolglik aanspraak op die verbondsteken, nl. die doop. Die ongelowige (man of vrou) is by God aanneemlik deur die band met die gelowige (vrou of man). Hierdie "aanneemlik by God" (vs. 14) beteken nie dat die ongelowige nou as vanself 'n gelowige of 'n heilige in Christus geword het nie. Dit is dus nie 'n religieus-etiese begrip nie, maar eerder 'n liturgiese begrip. As die ongelowige in liefde met die gelowige wil saam woon dan hoort hy - uitwendig ten minste - tot die kring van die gelowiges, al is hy self nie gelowig nie. En soos die gelowige die ongelowige dan aanvaar - met die vurige hoop en gebed natuurlik dat ook die ander gesteun deur 'n godvresende voorbeeld (1 Petr 3:1) tot die lig mag kom - só aanvaar God die

ongelowige ook. As die ongelowige egter nie in die sfeer waar Christus heers, wil of kan lewe nie, en hy dus wil skei, mag die gelowige hom nie verhinder nie. Om die egskeiding te voorkom is daar vir die gelowige immers net één van twee moontlikhede: óf om die geloof te versaak óf om nie as gelowige te lewe nie. Vir die gelowige is dié prys egter te hoog en daarom ook ongeoorloof. Al wat oorbly is dus om die egskeiding toe te staan - wat geensins beteken dat die gelowige 'n egskeiding mag soek of selfs begeer nie.

9. Die ras-gemengde huwelik is die huwelik waar albei nie tot dieselfde ras behoort nie. Dat hierdie variasie van gemengde huwelike in ons land met sy verskeidenheid rasse en volke, van groot betekenis is, spreek vanself. Trouens, die begrip "gemengde huwelik" het in die algemene spreektaal binne 'n Suid-Afrikaanse konteks, nouliks nog 'n religieuse konnotasie, maar het gaandeweg 'n rasse-inhoud ontvang. En so seer was selfs die kerke - altans sommige - daarby betrokke, dat hulle voortgesette druk op die owerheid uitgeoefen het, totdat in 1949 'n wet wat huwelike tussen Blankes en Nie-Blankes verbied, aangeneem is.[4] Dit is duidelik dat die ras-gemengde huwelik 'n uiters sensitiewe sosiaal-etiese aangeleentheid is wat ons ernstige aandag verdien.

10. Wat is die boodskap van die Skrif in hierdie verband? Met die eerste oogopslag vertoon die gegewens van die Ou Testament ten opsigte van ras-gemengde huwelike, 'n skynbare teenstrydigheid. Aan die een kant het vermenging op groot skaal plaasgevind, maar aan die ander kant is dit in bepaalde gevalle beslis ook verbied. Die sleutel tot die verklaring van hierdie skynbare teenstrydigheid is te vind in die motivering vir die verbod van gemengde huwelike. En daarvoor moet in berekening gebring word enersyds die unieke geestelike geheim van Israel se bestaan en bestemming as bondsvolk van God, en andersyds die heidense godsdienste met die daarmee gepaardgaande en daaruit voortvloeiende onsedelike praktyke van die "volke van die lande". Huwelike met hierdie mense

het Israel se openbaringshistoriese roeping bedreig aangesien dit tot afgodery gevoer en 'n sedelike lewe tot gevolg gehad het, wat nie by die bondsvolk gepas het nie.

11. 'n Kort oorsig oor die Skrifgegewens bevestig hierdie algemene inleidende opmerkinge. Abraham trou met Hagar wat uit Egipte gekom het, en die seuns van Jakob trou met die dogters van die Kanaäniete (Gen 38:2, 46:10, vgl. 1 Kon 2:3; Ek 6:14). Josef trou met die dogter van 'n Egiptiese priester (Gen 41:45, 50; 46:20), en uit dié huwelik word twee van die stamvaders van die volk Israel gebore (vgl. Gen 48:5). By geleentheid van die uittog word in die geledere van Israel dan ook 'n menigte mense van gemengde bloed aangetref (Ek 12:38) wat, ofskoon hulle nadelige invloed op Israel uitgeoefen het (vgl. Num 11:4; Eseg 20:5-10), tog in die volksgemeenskap opgeneem is. Bekendste voorbeeld van 'n gemengde huwelik is Moses se huwelik met 'n Kusitiese vrou - vermoedelik lid van die "gemengde bevolking" wat met Israel saamgetrek het (Num 12:1). Uit Egiptiese afbeeldings weet ons dat die Kusiete negroïede trekke vertoon het (vgl. Jer 13:23). Algemeen word aanvaar dat Ragab (Jos 6:17, 25) met 'n Israeliet getroud is en só opgeneem is in die geslagsregister van Christus (Matt 1:5). Ook Simson trou met 'n Filistynse meisie (Rigt 14:3). Veral in die situasie ná die terugkeer uit die ballingskap, is die stryd teen die vermenging van die bondsvolk met die "volk van die lande" aangebind (vgl. Esra 9 en 10; Neh 9:2, 10:30, 13:1-3). As Nehemia teen gemengde huwelike waarsku, verwys hy nadruklik na die voorbeeld van Salomo, wat, nieteenstaande hy 'n "liefling van sy God" was, tog deur vreemde vroue tot sonde verlei is (Neh 13:26).

12. Dit is duidelik: alleen waar die geestelike karakter van Israel se bestaan in gedrang gekom het, is gemengde huwelike verbied. Die verbod was dus nie gemotiveer op rasse-gronde nie, maar suiwer op religieuse gronde. Daarom moes selfs ook die volke in Kanaän uitgeroei word (vgl. Ek 23:23, 24). Ook die Nuwe Testament ken geen ras-oorwegings in sake die huwelik nie.[5)]

13. Omdat die Skrif die gelyksoortigheid en daarom ook die gelykwaardigheid van alle mense leer - ofskoon nie hulle gelykheid nie - is 'n huwelik tussen verskillende rassegroepe, selfs met die mees uiteenlopende eienskappe fisies moontlik. Waar laasgenoemde voorkom kan dit egter nie as 'n sondige gebeure beskou word nie, want 'n huwelik is nie sondig net omdat dit verskillende rasse is wat met mekaar vermeng nie. Maar 'n huwelik is wel sondig as daardeur die geloof in gevaar gestel word. Dit beteken verder dat ook net die geloof as die primêre en deurslaggewende motivering vir die verbod op 'n ras-gemengde huwelik, in aanmerking geneem behoort te word.[6)]

14. Is die praktiese implikasies van bogenoemde prinsipiële standpunt nou dat daar geen besware teen enige ras-gemengde huwelik ingebring kan word nie - mits natuurlik albei die egliede gelowiges is? Dit kan ons sekerlik nie sê nie. Net so min as wat enige twee gelowige mense van dieselfde ras en van dieselfde volk sondermeer, dit wil sê, net omdat hulle gelowiges is, mag trou, net so min mag twee gelowige mense van verskillnde rasse en verskillende volke sondermeer trou. Anders as die kerk, wat basies 'n geloofsinstelling is, is die huwelik 'n instelling wat, benewens die geloof, uiteraard ook nog aan ander vereistes moet voldoen alvorens dit as 'n huwelik gekwalifiseer kan word. Wél is die geloof die primêre en selfs deurslaggewende oorweging - soos dit trouens vir 'n Christen in al sy handelinge en verhoudinge behoort te wees - dog die geloof is immers die geloof van hierdie konkrete mens, en dit beteken dat die geloof ingebed is in, en die stempel dra van allerlei hoogs persoonlike eienskappe van elke individuele gelowige. As die huwelik die vrye en blywende liefdesverbintenis is van twee bymekaar passende en mekaar aanvullende (gelowige) persone, dan is dit duidelik dat hulle wat nie bymekaar pas nie, en mekaar daarom ook nie kan aanvul nie of baie moeilik kan aanvul, die wenslikheid van so 'n huwelik ernstig moet bevraagteken.

15. In ras-gemengde huwelike, en dan veral daar waar ingrypende verskille voorkom, kan daar lewens- en wêreldbeskoulike, kulturele, sosiaal-maatskaplike en ander faktore aanwesig wees, wat aanpassing en aanvulling prakties byna onmoontlik en die huwelik self uiters ongewens maak. Die moontlike kulturele retrogressie, die psigiese spanning en skokke, die algemene verlaging van lewenspeil, die moeilike sosiale aanpasbaarheid van die kinders - dit alles en soveel ander aspekte sal ernstig in oorweging geneem moet word in die geval van 'n ras-gemengde huwelik. Die profetiese en priesterlike taak van die kerk om teen sulke huwelike te waarsku, sal niemand die kerk ooit mag ontsê nie. Maar ewemin sal die kerk hom aan die algemene stelling: ras-gemengde huwelike het nadelige gevolge, en is daarom ongewens, mag skuldig maak. Dit is 'n uiters relatiewe en volledig histories-bepaalde uitspraak.[7)]

16. Mag ras-gemengde huwelike nou ook deur die owerheid by wyse van wetgewing verbied word? Oor die bevoegdheid van die verskillende samelewingsverbande ten opsigte van mekaar en met name oor die bevoegdheid van die staat ten opsigte van ander samelewingsverbande kan ons hier nie handel nie. Die één prinsipiële beskouing wat hier gestel moet word is egter die volgende: Die staat het die reg om oor die huwelik en selfs in die huwelik met sy wetgewing in te gryp, sonder om daardeur die wese van die huwelik aan te tas. Die staat moet deur sy wetgewing die ruimte skep en waarborg, waarin die huwelik waarlik huwelik kan wees. Dit sluit voorts in die reg op wetgewing ten opsigte van die ouderdom, en die grade van verwantskap van voornemende huweliksgenote. Maar nooit mag die staatsowerheid as normale ordereëling dít wat die huwelik tot huwelik maak, deur sy wetgewing oorneem en as sý verantwoordelikheid aanvaar nie - daardeur word niks minder nie as die huwelik self in sy wese opgehef. Sulke buitengewone magte kan die owerheid homself toe-eien slegs as die openbare orde en welsyn van die gemeenskap deur monstrueuse ras-gemengde huwelike grondig versteur word. As 'n geval van 'n sosiale konfliktiek sal dit ook nie langer as wat dit streng noodsaaklik is, toegepas kan word nie.

17. Laat die beginsel duidelik wees: in die interne bevoegdhede van die egliede in die huwelikssituasie, mag die owerheid nie ingryp nie. Ewe-eens gaan die owerheid sy eie bevoegdheid te buite wanneer hy as normale en permanente ordereëling ingryp in die vrye huwelikskeuse van verantwoordelike volwasse persone bloot omdat hulle van verskillende ras of kleur is. Afgesien daarvan dat dit op diskriminasie sou neerkom, is dit ook nie die taak van 'n owerheid om deur sy wetgewing die biologiese identiteit van 'n bepaalde ras of volk te bewaar nie. Net so min is die teenoorgestelde waar: om volkere se bestaan op te hef en nuwe volke deur integrasie tot stand te laat kom, hoort ook nie tot die taak van die staat nie. Die staat ontvang nie sy ontstaan, gesag of voortbestaan van 'n volk of van hierdie besondere volk nie. En omdat die staat nie 'n instrument van die volk is nie, is die staat ook nie van 'n bepaalde volk afhanklik nie.[8)] Hiermee word nie 'n indifferentisme ten opsigte van die identiteit van 'n volk verkondig nie. In ooreenstemming met die Bybelse beginsel van liefde vir jou self, en dus ook in kollektiewe sin liefde vir jou eie volk, taal, tradisies en kultuurbesit, staan dit elke volk vry om sy besondere identiteit as volk te handhaaf. Maar dan geskied dit spontaan, en word nie deur wetgewing insake die aard van die huwelik afgedwing nie. Diepe eerbied vir die menslike persoon en die erkenning van sy reg op 'n eie verantwoordelike huwelikskeuse sal die nodige ruimte laat vir 'n natuurlike groeperingsdinamiek met 'n vryheid van assosiasie waaruit 'n sosiale stratifikasie spontaan sal voortvloei. Hierdie beslissingsruimte is vir die gesonde funksionering en ontplooiing van die menslike persoon noodsaaklik en mag daarom nie deur staatsreglementering of kerklike versoeke om wetgewing teen of ten gunste van ras-gemengde huwelike, bedreig word nie.[9)]

NOTAS

1. Vgl. ook die omskrywing van gemengde huwelike wat P.A. van Leeuwen gee in sy opstel: "Kerkelijk gemengde huwelijken in cijfers", in C.P. van Andel e.a., Het gemengde huwelijk, 's-Gravenhage 1971, 67 e.v. Vgl. W. Geesink, Geref. Ethiek, Kampen 1931, deel 2, 281. Sien ook H. Thielicke, Theologische Ethik, 111/3, 721e.v.

2. Vir die tradisionele standpunt en die latere ontwikkeling van die Rooms-Katolieke Kerk ten opsigte van huwelike tussen lede van daardie kerk en lede van ander kerke of sektes, sien A.J. Bronkhorst, "Afscheid van het verleden" in C.P. van Andel e.a., a.w., 23e.v.

3. G.B. Brillenburg Wurth, Het christelijk leven in huwelijk en gezin, Kampen 1960, 138, stel dit só: "Is echter een kerkelijk gemengd huwelijk te ontraden, een geestelijk gemengd huwelijk, d.w.z. een huwelijk, waar de diepere geloofseenheid in Christus ontbreek, is zonder meer ontoelaatbaar".

4. P.A. Verhoef wys daarop dat die inhoud van die begrip "gemengde huwelik" in ons land van die religieuse na die "rassiese" verskuiwe het. Terwyl die sinode van 1834 dit nog gehad het oor die huwelik van "Christenen met heidenen", word sedert 1915 reëlmatig van "huwelijken tusschen blanken en gekleurden" gepraat. Wet nr. 55 van 1949 waarin onder andere huwelike tussen Blankes en Nie-Blankes verbied word, is die resultaat van "volgehoue druk wat van die kant van die kerk op die owerheid in hierdie verband uitgeoefen is", "Matrimonium Mixtum", NGTT vol. 2(3, 1961) 153. Verhoef verwys na Acta's van die Kaapse N.G. Kerk, resp. van 1915, 28; 1936, 244; 1945, 353; 1949, 29 en 297. Sien ook die Acta van die N.G. Kerk in die O.V.S., 1940, 336 en 443. R.T.J. Lombard toon aan dat die Ned. Geref. Kerke vroeg reeds in die 20e eeu (1915) begin het om hulle teen huwelike tussen Blankes en Nie-Blankes te verset omdat die praktyk geleer het dat sodanige huwelik gewoonlik met sedelike verval, misbruik en kerklosheid gepaard gegaan het. Tot 1946 was die regering egter van mening dat gemengde huwelike as 'n sosiale euwel, nie met wetgewing bestry kan word nie. "Na die bewindsaanvaarding het 'n afvaardiging van die drie Afrikaanse kerke op 18 Februarie 1949 die Minister van Binnelandse sake, dr. T.E. Dönges, ontmoet om vir 'n verbod op gemengde huwelike te pleit", Die Ned. Geref. Kerk en rassepolitiek, met spesiale verwysing na die jare 1948-1961, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1981, 66.

5. Verhoef sê: Wanneer Israel se verbondsverhouding egter nie regstreeks bedreig is nie, het die poorte tot "vermenging" na alle kante toe oop gestaan, a.w., 157. As algemene reël ten opsigte van Israel sou ons kon sê "dat dit in die verbod op gemengde huwelike gegaan het om die handhawing van die geestelike geheim van Israel se bestemming en roeping as die volk uit wie die Messias na die vlees gebore sou word", a.w., 166. Ook in die Nuwe Testament sê Verhoef, is daar van "ras"-oorweging geen sprake nie, a.w., 167. Vgl. ook H. van Oyen, Ethik des Alten Testaments, Gütersloher Verlagshaus 1967, 123e.v.

6. Tydens die Kerklike Kongres insake die Naturellevraagstuk te Bloemfontein van 4 tot 6 April 1950, is dit in die eerste referaat uitdruklik gestel: "Dit wil ook nie sê dat indiwidue uit verskillende volkere nie met mekaar in die huwelik mag tree nie. En tog bly verbintenisse selfs tussen ras-verwante volkere die uitsondering en mag daardeur die algemene grenslyne tussen ons asook ons eie karakter nie uitgewis word nie", Referate van die Kerklike Kongres van die Gefedereerde N.G. Kerke insake Naturellevraagstukke te Bloemfontein. N.G. Sendingpers 1950, 12.

   Wanneer hy handel oor rasgemengde huwelike en aantoon dat die Bybel hom nie ten guste of teen sulke huwelike uitlaat nie, merk J.C.G. Kotze onder andere op: "In die Skrif tref ons geen minagtende diskriminasie op grond van ras, kleur, volk of nasie aan nie", Ras, volk en nasie in terme van die Skrif, Stellenbosch 1961, 140.

7. A.B. du Preez sê dat, aangesien elke mens 'n potensiële Christen is, die geloofs-ongelykheid deur bearbeiding gelyk gemaak kan word, terwyl die ongelykheid van volksaard nie gelyk gemaak kan word nie. Teen hierdie agtergrond kom hy dan tot die konklusie: "Blanke en Nie-Blanke rasse lê om verskillende redes so ver uitmekaar dat hulle nie een vlees kan word nie. Alles wat die gebod van een vlees te word, verswaar, moet daarom vermy word. So 'n huwelik waar een of beide van die huweliksmaats sy eieaard moet ophef of opoffer is strydig met die Christelike begrip van naasteliefde", Eiesoor-

tige ontwikkeling tot volksdiens, HAUM, Kaapstad 1959, 71. Sekere volke - waar die verskille nie te groot is nie - mag egter wél vermeng, a.w., 71. Hy sê verder: "Die Christelike naasteliefde vereis 'n persoonlike broederskap en nie 'n biologiese assimilasie. 'n Mens wat as 'n baster bestempel word, is gebroke in sy self, dit bring die grootste ongeluk op die half-bloed mense", a.w., 71-72. A. Kuyper gee enkele historiese aspekte ten opsigte van die verskynsel van bloedvermenging, Het Calvinisme. Zes Stonelesingen, Kampen 3 1959, 27e.v. E.A. Venter is van mening dat 'n huwelik tussen Blank en Nie-Blank in Suid-Afrika radikaal afkeurenswaardig is, Die gelowige in samelewing, Bloemfontein 1969, 25.

8. Vgl. J.M. Gerber se verhelderende opmerkinge oor die staatsroeping ten opsigte van anderssoortige verbande en lewensvorme in Die Staat, sy taak en roeping, gebaseer op 'n Skrifgefundeerde ontologie, M.A.-verhandeling, 323e.v. F.J.M. Potgieter is van mening dat die staat nie in enkele ras-gemengde huwelike geïnteresseerd is nie, maar wél as dit op groot skaal plaasvind en met name as gevolg van integrasionistiese propagandaveldtog, "Eenheid en veelvormigheid prinsipieel verantwoord", in Veelvormigheid en eenheid, saamgestel deur J.D. Vorster, N.G. Kerk Uitgewers 1978, 17e.v. Ook A.B. du Preez wys daarop dat die staat, volgens die algemene strekking van die Skrif, nie die reg het om maatreëls te tref wat die eie-aard van verskillende geskape volkere gelyk sou maak en daarmee volksgrense uitwis nie, Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens, HAUM, Kaapstad 1959, 69. Die kritiese vraag is egter of die staat dan die reg sou hê om die teenoorgestelde wél te doen?

9. Na 'n vry breedvoerige bespreking van die verskynsel van gemengde huwelike veral in die Ou Testament, en die konstatering dat die beginsel wat die kerk se profetiese getuienis bepaal, die geloof en nie oorweging op "rasse"-gronde is nie, konkludeer Verhoef: "Die Afrikaanse kerke het dus die perke van hulle profetiese getuienis oorskry, toe hulle knaend by die owerheid daarop aangedring het dat laasgenoemde 'n "Wet op Verbod van Gemengde Huwelike" sou instel. Vir hierdie profetiese getuienis het hulle geen grond in die Skrif gehad nie! Die oorweging dat dergelike huwelike, na-

delige gevolge het, verskuif die aksent van die prinsipiële na die insidentele, en laasgenoemde mag nooit die inhoud van die kerk se getuienis bepaal nie", a.w. 168. D.P. Botha wys daarop dat die Blankes nog altyd gevrees het dat sosiale gelykstelling met die Kleurlinge tot bloedvermenging sou lei. Eksklusief aan die Suid-Afrikaanse blankes is dit egter nie, want alle heerserstande deur die eeue heen het dieselfde vrees gekoester. "Hiervan getuig die wette wat huwelike tussen patrisiërs en plebejers in die Romeinse staat verbied het. Maar die geskiedenis het ook bewys dat wetgewing nie op die duur vermenging kan teëhou nie, en dat die opkoms van die laer stand altyd 'n deurbraak verseker", Die opkoms van ons derde stand, Kaapstad 1960, 167. Botha sê die treffendste kenmerk van die geskiedenis van ons land is dat daar so min gemengde huwelike gesluit is, a.w., 168. As B.B. Keet pleit vir minder kwetsende metodes in die toepassing van apartheidmaatreëls, vra hy onmiddellik die vraag of dit beteken dat die deur oopgemaak sal word vir 'n vermenigvuldiging van gemengde huwelike? En daarop antwoord hy dan "dat so 'n verwagting geen rekening hou met die diepgewortelde kleurgevoel wat reeds eeuelank by die blanke gevind word nie, 'n gevoel wat ook nie binne enkele jare sal verdwyn nie. Daarom sal daar in die voorsienbare toekoms beslis geen algemene neiging ontstaan om kleurverskille uit te wis nie, insonderheid omdat dit onder heersende omstandighede tot namelose ellende moet lei. In die onvoorsienbare toekoms is die moontlikheid nie uitgesluit nie, maar nie voordat omstandighede so radikaal verander het dat die kwessie van kleur geen sin meer het nie", Suid-Afrika-Waarheen? Stellenbosch 1955, 67.

Die bekende Cottesloe-Kerkberaad (7-14 Des. 1960) te Johannesburg het gesê: "Daar is geen Skriftuurlike gronde vir 'n verbod op gemengde huwelike nie. Die welsyn van die gemeenskap en pastorale verantwoordelikheid vereis egter dat die nodige oorweging geskenk moet word aan seker faktore wat sulke huwelike onwenslik mag maak", vgl. A.H. Lückhoff, Cottesloe, Tafelberg, Kaapstad 1978, 86. Met 'n beroep op die ter sake dokumentasie wys Lückhoff op die ontsteltenis wat hierdie besluit in die Afrikaanstalige Kerke veroorsaak

het. "Veral die Hervormde Kerk het besware geopper en dit as, 'onregverdige sensuur' op die Regering bestempel ... Die Raad van die Kerke (van die N.G. Kerk) het in die besluit ... gelees dat Cottesloe sosiale integrasie bepleit het, maar dat die Skrif, 'ontoelaatbaar' (sic) aangewend is. Hierdie verklaring van die Raad van die Kerke is later ook deur die Kaapse Sinode aanvaar", a.w., 156-157.